NG Gemeente Lyttelton-Oos

Begelei mense tot 'n lewe in oorvloed

www.lytteltonoos.org.za | Sondag 30 Oktober 2005 | Wat is 'n lewe in oorvloed?

NUWE WEBBLAD

Klik gerus op die skakel hierbo om te sien hoe ons nuwe webwerf lyk!

OESFEES!

6 November
Die kerkraad sê dankie!

Alle gemeentelede word uitgenooi na 'n gratis middagete net na die eredienste.

Inligting oor **kindereredienste** hier

ALLE TIENERS!

Jeugdienste
23 Oktober - 6 November

HOE OM JOU GESIN TE

Ontstig

Alle ouers word uitgenooi om 6 November 17:30 se gesinsnagmaal by te woon.

Diensvreugde

Vervulling en vreugde deur dienswerk

SONDAE 30 OKTOBER - 20 NOVEMBER

Dis paradoksaal maar waar: om jouself te gee vir ander *kry* jy baie meer! Hoe werk dit? Hoe kan ons op so 'n manier dien dat dit vir ons 'n vreugde en voorreg is in stede van sleur?

Kaart na die gemeente | Laai boodskappe af

HOOP & herstel

VIR STUKKENDE MENSE

TWEEDE EREDIENS 10:30
SONDAE 9 OKTOBER - 27 NOVEMBER

Die lewe verwond mense. Mense loop met stukkende en seer plekke rond. Hulle bloei met bloed wat nie gesien kan word nie. Hierdie wonde kon veroorsaak word deur hulle eie toedoen of deur ander se toedoen. Hoe genees God hierdie wonde?

Kaart na die gemeente | Laai boodskappe af

SPESIALE KINDEREREDIENS

6 November om 09:00

Ben van Tonder

Gr 1 - 6

Kindermusiek en boodskap

HELP OM MENSE TE BEGELEI TOT 'N LEWE IN OORVLOED.

Wees gasheer/-vrou van 'n kleingroep vir ses weke volgende jaar. Stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

KRY 'N GOEIE GEBALANSEERDE DAAGLIKSE GEESTELIKE DIEET - BESTEL VOLGENDE JAAR SE WOORDWYSER NOU REEDS - STUUR 'N E-POS AAN lyttoos@mweb.co.za. Lees meer oor die Woordwyser. Klik hier:



Die jongste sitting van die Sinode van Oos-Transvaal, waarvan ons gemeente deel is, het 16-18 Oktober bymekaar-gekom. Sake wat in die hart van gemeentelede leef is bespreek en 'n aantal belangrike besluite is geneeem. Lees gerus die

amptelike notule

U kan ook Beeld se webblad besoek en by die soek-blokkie die woord "sinode" intik. Daar het twee berigte oor die sinode verskyn, t.w. Maandag en Woensdag.

KERSSANGDIENS

Sondagoggend 27 November om 09:00

BELANGRIKE DATUMS - SLEEP JOU DAGBOEK NADER!

WOENSDAG, 26 OKTOBER
KAF vergadering

WOENSDAG, 2 NOVEMBER
Bedieningskommissievergadering

SONDAG, 6 NOVEMBER
!!OESFEES!!
09:00 + 10:30 Nagmaal
17:30 Gesinsnagmaal

Volledige program hier

GEMEENTE NUUS EN AFKONDIGINGS

ROMMELVERKOPING VIR BYBELVERSPREIDING

06:30 DINSDAG, 1 NOVEMBER 2005

U kan nou reeds huishoudelike artikels en klere bymekaarmaak en afgee by Dries van der Merwe, Van Riebeeckln 149 of Ria Maree, Fitzpatrickweg 23.

Ons benodig persone om te help merk op Maandag, 31 Oktober vanaf 09:00.

Baie dankie vir die hulp en bydraes.

EREDIENSTYE

Die kerkraad is tans besig om die eredienstye te heroorweeg aangesien dit wil voorkom of 'n groot aantal lidmate die huidige tye ongerieflik vind. Ons wil egter terugvoer en insette soveel as moontlik lidmate hê voordat ons 'n besluit in hierdie verband neem. *Ons het al heelwat insette gerky en dit blyk dat daar heelwat meer opsies is as wat aanvanklik gedink is!* Daar is aantal opsies:

- ☑ Behou die huidige tye
- ☑ 07:45 Informele erediens; 09:15 Tradisionele erediens (of andersom)
- ☑ Informele erediens skuif na 07:30
- ☑ 08:00 Tradisionele erediens + kindereredienste; 09:30 Informele erediens
- ☑ 08:00 Tradisionele erediens; 09:30 Informele erediens + kindereredienste
- ☑ 08:00 Informele erediens + kindereredienste; 09:30 Tradisionele erediens
- ☑ 08:00 Informele erediens; 09:30 Tradisionele erediens + kindererediens

Dit sal natuurlik die maklikste en die weg van die minste weerstand wees om die huidige tye te behou. Ons moet egter nie net dink aan onsself nie maar ook aan die belange van die koninkryk. Ons wil graag vir soveel as moontlik mense geleentheid gee om 'n erediens in ons gemeente by te woon - veral ook diegene wat tans nie so getrou dit doen nie. Aangesien hierdie 'n baie belangrike en sensitiewe saak is, wil

Kry M.E.E.R. uit die lewe!

Motivering, Energie, Entoesiasme, Rekreasie

Geleenthede om 'n verskil te maak

Ouderling / Diaken
Bou 'n verhouding met 'n paar huisgesinne en gee vir hulle om.
1 uur per week

Inligtingstafel
Wees deel van 'n span wat mekaar afwissel by 'n weeklikse inligtingstafel tussen die twee eredienste. Gee inligting oor die gemeente se aktiwiteite aan lidmate en belangstellendes en help nuwe en voornemende lidmate.
1 uur per week / maand

Nuwe Intrekkerbediening
Help almal (nie net NG mense nie) wat nuut intrek in ons gemeenskap om welkom en tuis te voel deur inligting oor hulpbronne in die gemeenskap (dokters, apteke, winkels ens.) deur te gee.
2 ure per maand

Aksie Twee +
Dit is 'n aksie wat gemik is op gesinne met geen of jong kinders (voorskools of op laerskool).
Reël huwelik- en ouerseminare en sprekers oor relevante onderwerpe ens. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Klub Immergroen
Besoek en bedien op 'n gereelde basis ons senior lidmate / help met die reël van oggendtees en 'n kersete. Kontak Gerty Basson by 664-2433.

Kleingroepe
Voel jy geroepe om te begin met 'n kleingroep (nie noodwendig net vir lidmate nie)? Stuur onmiddelik 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Tienierbediening - Mentor
Bou 'n verhouding met 'n groep tieners en help om die Here beter te ken, die lewe beter te verstaan en tuis te voel in die gemeente.
2 ure per week

Kinderkerk
Help met die aanbieding van die kinderkerk elke Sondag vir die kleuters / Gr 1-3 / Gr 4-6.
2 ure per week

Helpmekaar Bediening
Help om 'n bediening te bou waar lidmate hulle gawes / talente en vermoëns vir mekaar beskikbaar stel.
2 ure per week (aanvanklik totdat bediening op die been is.)

Aksie Een
Dit is 'n aksie wat gemik is op enkellopendes van enige ouderdom. Reël byeenkomste en seminare of kampe met sprekers oor relevante onderwerpe. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Eredienswerkgroep
Help met die beplanning van ons eredienste deur navorsing, bespreking, ontwikkeling van visuele aanbiedings, kort dramsketse, die inwin van mense se stories (getuienisse), sang en musiek. Hierdie groep kom gereeld elke Dinsdagaande 20:00 by Krugerlaan 105 bymekaar op 'n vrywillige en spontane basis. Die groep is nie geslote nie. Enigeen wat insette wil lewer is welkom.

Indien jy op een of meer van die maniere hierbo genoem 'n verskil wil maak, stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Inligting oor ander bedieninge is ***hier*** te vind

Het u dalk hulp nodig? Ons help graag waar ons kan. Klik op die pyltjie om sien waarmee ons ons kan help

ons graag vra dat elke gemeentelid biddend hieroor sal nadink. Dit is noodsaaklik dat ons mekaar sover moontlik sal akkomodeer. Ons wil graag vir soveel moontlik mense die geleentheid gee om eredienste by te woon.

MOTORWAG

Persone wat belangstel om behulpsaam te wees met die Motorwag-aksie om ons motors op te pas tydens eredienste, hetsy vrywillig of teen vergoeding, skakel asseblief vir Johan Bauer, 664-2230.

GESPREKGROEPE

Weet jy wat om te doen as die volgende met jou gebeur…

1. Gewapende roof tydens 'n erediens
2. Gewapende roof by die huis
3. Jy sien hoe daar by die bure ingebreek word
4. Kaping van jou motor
5. As jy verkrag word.
6. Jy is in 'n ongeluk betrokke met jou motor. Wat as daar dooies en beseerdes is?
7. Dood van jou man, vrou, vader, moeder, kind.

Ons soek gesprekleiers wat sal help as sameroepers vir elk van die situasies. Ons soek lidmate se insette tydens die gesprekgroepe. Veral as u reeds deur so 'n ervaring gegaan het.

Riglyne:
Bepaal self julle geprekstye.
Gee aandag aan die moets en moenies tydens so 'n situasie.
Stel 'n plan van aksie saam en stel dit skriftelik beskikbaar vir die gemeente.
Gee aandag aan die emosionele gevolge van so 'n ingrype.
Beskou as 'n saak van dringende belang

Ons soek ook sameroepers vir:
☑ Sekuriteit by die kerk, veral tydens eredienste.
☑ Areabeskerming (Stedelike verbeterings ontwikkeling)

Kontak asb:

Johan Smit: 082 584 4990 /664 4335
Johan Bauer: 083 305 3768/ 664 2230

NIE-BEDERFBARE PRODUKTE VIR NOODLENIGING

Ons benodig deurlopend nie-bederfbare produkte vir noodleniging. By die twee agterste deure van die kerk is daar houers waarin hierdie items geplaas kan word.
Al is hierdie kennisgewing somtyds nie in die afkondigingsblad nie, wees verseker u bydraes is te alle tye welkom

ADVERTENSIES IN DIE HEROUT OF AFKONDIGINGSBLAD of E-POS NUUSBRIEF

Advertensies is welkom. Vir 'n A5 blad is die tarief R80. Vir 'n halwe bladsy R40.00 en vir 'n kwart bladsy R20.00.

Once upon a time at a church meeting a wealthy member of the church rose to tell the rest of those present about his Christian faith.

"I'm a millionaire," he said, "and I attribute my wealth to the blessings of God in my life." He went on to recall the turning point in his relationship with God. As a young man, he had just earned his first dollar and he went to a church meeting that night. The speaker at that meeting was a missionary who told about his work in the mission field. Before the offering plate was passed around, the preacher told everyone that everything that was collected that night would be given to this missionary to help fund his work on behalf of the church. The wealthy man wanted to give to support mission work, but he knew he couldn't make change from the offering plate. He knew he either had to give all he had or nothing at all. At that moment, he decided to give all that he had to God. Looking back, he said he knew that God had blessed that decision and had made him wealthy.

When he finished, there was silence in the room. As he returned to the pew and sat down, an elderly lady seated behind him leaned forward and said, "I dare you to do it again."

Brett Blair,

Die menigsopname toon dat die gemeente meer geestelike voedsel met korter preke wil hê met meer uitreikgeleenthede wat minder van hulle tyd en geld sal verg